Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 25 MAART 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

Telling my children I love them isn't a habit. It is my constant reminder to them that they are the best thing that has ever happened to me.

PAASNAWEEK

Die skool sal op **1 April 2021 vroeër sluit**. Om verkeersdruk om die skool te verlig, sal leerders as volg verdaag:

11:15 : Graad RR, Graad R en Graad 1

11:30 : Graad 2 en Graad 3

11:45 : Graad 4 tot Graad 7

Die Naskoolsentrum sal tot 18:00 op 1 April 2021 vir naskoolleerders oop wees.

Die skool sal op **2 April 2021 en 5 April 2021 vir die langnaweek gesluit wees**.

Geniet die langnaweek en veilig reis.

KORTING OP SKOOLGELDE

Ons herinner ouers aan die een maand korting wat u kan ontvang indien u die skoolgelde vir die jaar **voor of op 31 Maart 2021 ten volle betaal**.

Ons het baie groot waardering vir al die ouers se positiewe ondersteuning in die verband.

VEILIGHEID OM DIE SKOOL

Die afgelope twee weke was die skool besig met 'n "proefneming" om die besige verkeer om die skool "hok te slaan" of sal ons sê "in 'n rigting te slaan". Ek herinner ouers dat hierdie **slegs 'n voorstel is** om die roete om die skool 'n eenrigting te maak. Ons is in gesprekvoering met die Stadsraad, Verkeersdepartement en huiseienaars om die skool. Die "proeflopie" word noukeurig gemonitor om die bes moontlike oplossing te vind.

Belangrik: Stel asseblief die persoon of persone wat u kind/ers op- en aflaai in kennis van die verkeersvloei om die skool.

Almal moet asseblief die volgende paar moets en moenies in gedagte hou:

Moets

1. Padreëls moet steeds gehoorsaam word. Hou links, sover moontlik.
2. Stop waar daar parkering is, laai af, val weer in by die verkeer en neem die naaste uitgang uit.
3. Indien u laat is, volg steeds die verkeer tot u weer verby die aflaai-punt ry. Daar sal waarskynlik met die tweede rondte parkeerplek wees.
4. Laat u kind aan die linkerkant van die motor sit. Hy/Sy hoef dan nie om die motor te beweeg en verbygaande verkeer te trotseer nie!

Moenies

1. Moenie aan weerskante van die pad stilhou nie.
2. Moet asseblief nie in opritte na die skool of die bure stilhou nie. Die opritte na die skool is vir noodpersoneel, indien nodig.
3. Moenie U-draaie maak nie.

Tye vir eenrigting verkeer (**anti-kloksgewys**) is slegs van toepassing tussen 06:30 en 07:30 in die oggende, en in die middae tussen 13:00 en 14:30.

Wees asseblief geduldig met u mede-padgebruikers.

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning.

BEHEERLIGGAAM 2021

In die Riebie Klanke van 11 Maart 2021 het ons reeds die verkose BL-lede aan ouers bekendgestel. Graag deel ons verder met u die verskillende portefeuljes waarby elke BL-lid betrokke sal wees en ook ander BL-lede wat gekoöpteer is.

VOORGESTELDE LID	**PORTEFEULJE**
Mnr C Strydom	Voorsitter
Mnr A van der Walt	Onder-voorsitter
Mnr E Rossouw	Tesourier
Mnr A van der Walt & Mev C Goncalves	Bemarking en Kommunikasie
Mnr J Woo	Personeel / Menslike Hulpbronne
Mnr C Strydom	Strategie
Mnr H van Staden	IT
Mnr L van den Heever	Infrastruktuur en *Health and Safety*
Mev J Ruthven	Kultuur
Mev A Mulder	Opvoedkundige Leiding
Mev A Opperman	Opvoeding en Onderrig: Grondslagfase
Mnr H van Staden	Opvoeding en Onderrig: Intersenfase
Me E van Niekerk	Statistieke en Administrasie
Mnr W Bester	Sport en Dissipline
Mev Z de Goede	Sekretaresse
Mev A du Plooy	Finansies en Admin

Baie dankie en sterkte aan al die Beheerliggaam-lede.

"Leadership is not about titles, positions or flowcharts. It is about one life influencing another."

~ John Maxwell ~

V Botha | Skoolhoof

Sport

NETBAL OEFENING

Hiermee die oefentye vir die verskillende oefengroepe. Ouers en dogters moet asseblief daarop let dat slegs vaardighede geoefen gaan word. **Dogters moet hul eie waterbottels saambring. Dogters kan nie by die krane gaan water drink nie.** Daar sal **GEEN** **oefening op 1 April 2021** plaasvind nie.

29 Maart 2021 - 31 Maart 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:30 – 14:15				O/7 & O/8
14:15 – 15:15	O/12 A & B	O/11 A & B	O/10 A & B	Al die O/9's
15:15 – 16:15	O/13 A & B	O/13 C & O/12 C	O/10 C & O/11 C	

RUGBY OEFENING

Die rugby oefening gaan fokus op vaardighede en geen fisiese kontak sal plaasvind nie. Alle COVID-19 regulasies sal gevolg word. **Seuns moet hul eie waterbottels saambring. Seuns kan nie by die krane gaan water drink nie.**

Oefentye:

MAANDAG	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:15
	O/11, O/12 en O/13	15:15 – 16:15
DINSDAG	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:15
	O/9 & O/10	15:15 – 16:15
WOENSDAG	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:15
	O/11, O/12 & O/13	15:15 – 16:15
DONDERDAG	GEEN OEFENING - SKOOL SLUIT VROEG	

Oefentye vir O/7 en O/8

MAANDAG	13:30 – 14:15
WOENSDAG	13:30 – 14:15

TENNIS

Oefening vind as volg plaas:

Dinsdag : 06:00 – 07:00
Donderdag : 06:00 – 07:00

Onthou jou waterbottel en tennisraket. Leerders mag LOV-drag dra.

SKAAK

Oefentye is as volg en sal in Juffrou Lizette de Nysschen se **klas (G12)** plaasvind:

Graad 1 – Graad 3 : Woensdae 14:00 – 15:00
Graad 4 – Graad 7 : Woensdae 15:00 – 16:00

Kultuur

REDENAARS

Die skool doen ‘n beroep op ouers om asseblief hul skeurstrokie rakende die Interne Redenaars dringend, as volg terug te stuur.

Graad 1 – Graad 3 : Vir aandag: Juffrou Albé Opperman
Graad 4 – Graad 7 : Vir aandag: Juffrou Lerentia Brits

Die datums vir die Afrikaanse Interne Redenaars is as volg:

Graad 6 en Graad 7 : 6 April 2021
Graad 4 en Graad 5 : 7 April 2021
Graad 2 en Graad 3 : 13 April 2021
Graad 1 : 14 April 2021

Redenaars sal in die skoolsaal plaasvind op al die betrokke dae en die leerders tree op in hul skooldrag.

Deelnemers moet reeds om 14:15 in die voorportaal van die saal bymekaar kom. Die verrigtinge sal om 14:30 begin. Ons sien uit om na ons “gladdebekkies” te luister, deur hulle oorreed te word, en om hulle standpunt te ondersteun.

Algemeen

CANSA SPAARVARKIES

Die Riebies is deur CANSA genader om aan die “Piggy Run” deel te neem, waar geld ingesamel word vir kanker pasiënte. Hier by die “Riebie Familie” het ons al geliefdes aan die dood afgestaan as gevolg van kanker, en daar is ook steeds lede van ons “Riebie Familie” wat teen die siekte veg.

Elke graad het ‘n spaarvarkie ontvang waarin leerders hul bydrae kan kom ingooi. Leerders kan vanaf 19 Maart 2021 tot en met 22 April 2021 ‘n bydrae lewer.

Dankie vir almal se betrokkenheid en die verskil wat jul ook op hierdie manier in die gemeenskap kan maak.

HARTJIE-DAG ♥♥♥

Ons het besluit om op Donderdag, 1 April 2021, ‘n **HARTJIE-DAG**, wat ‘n **OMGEE DAG** is, te hou. Die kinders kan op dié dag gewone klere dra, verkieslik ROOI, om ons harte wat klop en ons omgee vir ander uit te beeld.

Die kinders betaal nie om gewone klere te dra nie, maar ons vra dat leerders ‘n donasie, in die vorm van byvoorbeeld ‘n blikkie kos of bottel sjampoe, as toegangsfooi sal saambring.

Sien asseblief die volgende items as voorstel vir elke Graad, maar u is welkom om enige ander nie-bederfbare produkte te stuur, soos dit u omstandighede pas.

Gr R - Toiletware (Sjampoe; Tandepasta; Seep; ensovoorts).

Gr 1 - Skoonmaakmiddels (Waspoeier; Jik; Skottelgoedseep; ensovoorts).

Gr 2 - Koffie; Suiker; Tee; Rys; Pasta.

Gr 3 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Sousbone, ens.)

Gr 4 - Blikkieskos (Tuna; Spaghetti; Corned Beef; Meatballs; Sousbone, ens.)

Gr 5 - Broodsmere, Ontbytpap (Pronutro; Corn Flakes, Weetbix; ensovoorts).

Gr 6 - Broodsmere, Ontbytpap (Pronutro; Corn Flakes, Weetbix; ensovoorts).

Gr 7 - Longlife Melk; Mieliemeel; Koekmeel; Bruismeel; ensovoorts.

Dankie dat ons altyd op u positiewe bydrae kan staatmaak en so ons Riebie-gesinne in nood kan ondersteun.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 29 MAART 2021 – 1 APRIL 2021

MAANDAG	Vetkoek, Kaas/Stroop	Vrug en Sap
DINSDAG	Kouevleis Rolletjies	Tert en Vla / Sap
WOENSDAG	Hoender á la King	Vrug en Sap
DONDERDAG	Russian en Chips / Broodjie	Vrug en Sap
VRYDAG	**NASKOOLSENTRUM GESLUIT - GOEIE VRYDAG**	

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***